# Natuurgeheime

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global. co. za
Webwerf: www.
nuweopenbaring. co. za

# Natuurgeheime

## D e e l  1

### *Die dinosourus.*

***7 Jan. 2008***

Jahshua het my aangesê om in die gees na HOM te kom en HY het my ‘n hartjie gegee. Dit was ‘n rooi-goudkleurige mooi bolvormige hartjie gewees. Ek het nog nooit so ‘n kleur gesien nie. Jahshua het gesê dat ek die hartjie moet oopmaak. Asof ek deur ‘n venster kyk, het ek `n tuin gesien en Jahshua het gesê dat ek daarin moet gaan. Ek het saam met HOM daar geloop en daar was die mooiste plantegroei. Klimplante het teen hoë bome opgerank en na ‘n ruk het ek ‘n bankie onder ‘n boom gesien. Dit het gelyk soos gras wat in die vorm van ‘n tuinbank gesnoei is. Jahshua het gesê dat Ons daar moet gaan sit en HY het met my oor allerhande dinge gepraat. Daar vlieg die mooiste vlinders rond in die kleure van die reënboog en daar kom sit ‘n potblou vlinder op my hand en maak sy vlerkies oop en toe. Jahshua wys my SY handpalms en ek sien die linkerkant is blou en die regterkant is rooi. HY druk SY palms op mekaar en SY handpalms word pers. HY sê vir my dat waar daar liefde(rooi) en vrede (blou) is, daar ook vriendelikheid en geduld (indigo en violet) is. Daarna is SY handpalms weer rooi en geel en HY druk dit weer opmekaar en sê dat waar daar liefde (rooi) en lydsaamheid (geel) is, daar ook vrolikheid van hart (oranje) is. Daarna doen HY dieselfde met geel en blou wat groen maak en sê dat waar daar lydsaamheid (geel) en vrede (blou) is, daar ook geloof (groen) sal wees. Terwyl Ons so sit en praat, kom daar ‘n dinosourus aangestap en gaan staan reg voor Ons asof hy ons nie eers sien nie. Die dinosourus bring op en ek sien dis net takke, blare en bene en hare van ‘n dier. Jahshua sê vir my dat die diere nie net vleis gevreet het soos wat die wetenskaplikes dink nie, maar dat die dier bome verslind het. Hy het bome met takke en al verslind, sodat daar plek gemaak kon word vir die mense om te woon. HY het aan my gesê dat elke dinosourus baie bose geeste gehad het en dat die dinosourus baie groter

was as wat die bene wat vandag ontdek word, aandui. HY het ook gesê dat die geeste in die dinosourus, soos wat hulle ryper en meer rustig geword het, een vir een uitgegaan het en dat die dier dan stelselmatig kleiner geword het, totdat hy later gevrek het. HY sê dat HY hulle deur 'n siekte uitgewis het, omdat hulle dan ook hulle werk, om die aardbodem vir die mens meer bewoonbaar te maak, voltooi het.

**Vader dikteer:**

MY kinders, julle dink nou dat MY skryfkneg stapelgek geword het en dat daar snaakse dinge met haar aan die gang is, maar hierdie is ook 'n werk van MY Hande wat net deur haar aan julle gebring word. Hierdie is die reine waarheid en julle kan elke woord hiervan glo. Dink julle dat daar nie regtig sulke diere bestaan het nie? As julle so dink, maak julle 'n groot fout omdat dit ook in MY plan gelê het om julle hiervan in te lig, sodra die tyd ryp geword het. Wel, die tyd is nou ryp daarvoor en EK sal julle 'n bietjie meer as MY skryfkneg hiervan vertel. Die dinosourus het geleef in die vroeë tyd saam met Adam en Eva en ook hulle direkte nageslagte. Dit was 'n buitengewoon groot dier en hy moes die aarde meer bewoonbaar maak vir die mens. Daar het in daardie tye bome gegroei waarvan julle nie eers weet nie en omdat die bome so enorm geword het, was dit haas onmoontlik om die bome af te saag. EK het ook MY manier gehad om die mens te help en het die dinosourusse vooruit gestuur om die bome af te vreet. Hulle kon takke heel insluk en dit dan later weer opbring om dit dan weer te kou totdat die hele boom op so 'n manier verslind is. Daar het ook later teveel van hulle rondgeloop en hulle was 'n bedreiging vir die mense van daardie tyd en daarom het EK hulle aansienlik verminder, deurdat EK 'n siekte onder hulle laat uitbreek het. Die dinosourusse het dan ook stelselmatig uitgevrek tot daar net 'n baie klein hoeveelheid oorgebly het. Die dinosourusse was dan ook die liggame vir 'n hele klomp geeste wat nog baie onryp was en soos wat die geeste in hulle ryper geword het, het die geeste dan ook een vir een uit hulle uitgegaan en in ander skeppingsfases ingegaan. Daardeur het die dier in grootte gekwyn en die bene wat vandag

deur die soekers gevind word, is dan ook baie kleiner as die oorspronklike dinosourusse van daardie tyd. Baie dinosourusse was wydverspreid oor die aarde, maar net in Afrika word hulle nog aangetref, waar hulle diep in die bosse van Afrika wegkruip. Die inboorlingnasies wat nog daar bly, weet dan ook van hulle en probeer hulle doodmaak, maar EK beskerm hulle, omdat daar nog baie bose geeste in die diere teenwoordig is wat nog nie uit moet kom nie. Geen mens kan verstaan wat met daardie diere besig is om te gebeur nie, omdat almal van julle nog ‘n bietjie te onryp is daarvoor en daarom sal EK nou hier afsluit met die volgende gedagte. MY kinders, julle weet nou al van die pad van die gevalle engele deur die skepping en die leer van die sieledeeltjies en daarom moet julle hierdie van die dinosourusse glo. EK sê dit nie net vir julle omdat dit ‘n interessante nuusbrokkie is nie, maar omdat julle ook moet weet dat daar aan die begin sulke diere was wat miljoene stukkies van siele gehad het en wat ook die doel gehad het om hulle te laat ryp word. Daarom het EK die dinosourus verskillend gemaak van al die ander diere, omdat hulle baie groot opnamehouers vir bose deeltjies moes wees. Ook moes hulle die mense help om die aardbodem geskik te maak, sodat daar plek kon wees vir meer mense. Sekere groot roofdiere is ook deur die dinosourusse gevang en opgevreet, omdat die bedreiging van groot roofdiere groot was in daardie tyd. Dit was dan waarom die Sabeltandtier ook uitgesterf het,- omdat hulle deur die dinosourusse gevang en opgevreet is.

Amen

### *Waar die waterval sy oorsprong het*

Nadat ons die dinosourus bekyk het, sê Jahshua aan my dat ons weer moes stap en HY wys my ‘n pragtige waterval. HY sê dat HY my die oorsprong van die waterval sal wys. Hy vat my tot by ‘n groot meer en tot op die bodem van die meer. Op die bodem is ‘n gat tussen rotse versteek en HY vat my tot daarbinne in die gat onder die aarde. Ek sien ‘n ondergrondse dam en in die een hoek van die dam, onder die water is nog ‘n gat. Daar word water in die dam ingeforseer deur hoë druk. Jahshua vat my deur die gat tot

nog dieper die aarde in. Daar staan ek saam met Jahshua in die maag van die aarde en dit beweeg en raas daarbinne. Jahshua wys my tonnels wat vanuit die maag loop en baie kronkels maak tot in die ondergrondse dam waar die water in die hoek instroom. Die drukking vanuit die aarde is sterk genoeg sodat die dam die heeltyd van onder af gevul word met water. Jahshua sê die ondergrondse dam is die "bloedvat" van die aarde en onder die bogrondse meer is baie "bloedvate". Hy wys my dat daar nog sulke damme langs die ander een is en dat hulle geskei is deur baie dik wande. Die dik wande dien as versterking sodat die meer nie in die aarde insink nie. Vanuit die aarde se "bloedvate" gaan die water dan tot in die meer deur diep gate op die bodem van die meer.

Vandaar ken ons dan die pad tot by die waterval.

**Jahshua dikteer:**

Geen lewende mens het dit nog ooit aanskou nie en die enigste manier om dit aan iemand te kan toon is deur die gees. Daarom spoor ek julle almal aan om in die Gees na MY te kom, sodat EK julle almal die werking daarvan kan leer. Dit het MY skryfkneg te beurt geval, omdat sy MY altyd in die skepping om haar gesoek het. Soek MY daar en julle sal MY ook daar vind, nadat julle MY eers in julle harte gevind het. EK is orals en sal julle tot op die maan kan vat as julle 'n begeerte daartoe gehad het. Ja, My kindertjies, die pad van die waterval kom al van baie vêr en diep onder die aarde uit. Geen mens kon nog ooit so diep die aardbodem ingaan nie en sal sekerlik omkom sonder suurstof en die kwaai drukking daar onder. Die aarde is 'n lewende organisme net soos julle en die diere om julle. Julle het altyd gedink dat die aarde 'n dooie ding is waarop julle leef en dit is die grootste fout wat julle nog ooit gemaak het. Kyk om julle rond. Dink julle dat 'n dooie ding al hierdie lewe op haar bodem sou kon onderhou? Dit is MY Hand, ja, maar net omdat dit MY hand is wat julle onderhou, beteken dit dan dat julle ook dood is? Nee. Julle lewe en net so ook julle aarde. Die aarde het presies dieselfde lewensfunksies as julle. Sy haal asem, eet en verrig ook ander liggaamsfunksies. MY kinders, net omdat julle dit nog nooit

geweet het nie, maak dit nie onwaar nie. Die aardkors is baie diep en binne die aarde is daar baie ander organe ook. So is die aardkors, soos wat julle dit noem, net die buitenste huid of vel van die aarde. Onder die huid is baie are of tonnels wat lewensappe deur die aarde versprei en dit is dan ook die “bloedvatstelsel” van die aarde. Dan moet daar natuurlik ook ‘n hart wees om die “bloed” deur die verskillende dele te pomp, nie waar nie? Ja daar is ‘n hart en die hart klop aanhoudend net soos julle harte. Wel klop die hart op ‘n ander tempo as julle s’n, maar sy klop om alles van die lewende water en ander sappe te voorsien. My kinders, julle wat MY liefhet moet ook glo dat niks by MY onmoontlik is nie en sal weet dat julle aardse verstandjies so klein is, en dat julle baie min van die aardbodem en ingewande van die aarde weet en daarom nie hierdie dinge kon geweet het, sonder MY wat julle hiervan inlig nie. Dit is Ek wat julle meer hiervan wil vertel sodat julle julle eie nietigheid beter sal besef. Dink hieraan, dat niks sonder MY ooit moontlik kan wees nie en dat EK, ten spyte van die feit dat julle die aarde vernietig deur die vuil wat julle so in die aardse water inpomp, en al die ander maniere van besoedeling, die aarde nog steeds so onderhou, al moes die aarde al baie lank gelede omgekom het van die besoedeling op haar. Deur MY hand lewe sy nog en julle sal geskok wees om te weet dat die einde van die aarde nie meer ver is nie. Die aarde sal deur MY vernuwe moet word, sodat daar weer lewe moontlik kan wees op haar bodem. MY kinders, elke ding wat julle hier doen wat nie uit MY is nie, word deur die aarde as pyn ervaar. Die diep gate wat julle myne noem, word tot diep in die “vel” van die aarde ingeboor en dit verskaf aan haar ongerief en ongemak. Deur die bewerking van die aardbodem soos wat Ek aan julle voorgeskryf het, geskied daar niks wat die aarde kan skaad nie en dit beteken net dat die aarde in stand gehou word. Maar vandag is die gifstowwe wat so gebruik word om rekordoeste af te haal, ‘n baie groot nadeel en dit dien net verder om die lewensbloed van die aarde te besoedel, omdat dit baie diep in die grond sak en daar deur die aarde opgeneem word. My kinders, leef eenvoudig en rein en moenie die aarde vernietig nie. Lewe in vrede met die aardbodem wat julle tot hiertoe gedra het. Amen.

# Deel 2

## *DIE BERG*

***8 Jan 2008 11:00***

Ek is weer saam met Jahshua by die groen grasbankie en HY sê dat ek saam met HOM bergop moet gaan. Die berg is agter die bankie en ek was nie eers bewus van 'n berg agter ons nie. Ons stap al hoe hoër en hoër en die plantegroei verander sover as wat Ons gaan. Die plantegroei is dig tot op 'n sekere punt en dan begin die bome verder uitmekaar te staan en dit lyk meer soos 'n bos as 'n oerwoud. Later staan die bome ook verder uitmekaar en daar is meer gras en kleiner struike. Ons klim nog hoër en daar is later net gras en groterige klippe. Toe ons naby die top kom, is daar net kleinerige grassoorte en rotse. Heel bo-op die top waar Ons gaan staan groei daar amper niks en daar is kranse. Jahshua vra my hoe ek voel en ek sê dat ek lekker voel in my hart en voel om nader aan HOM te staan. Ek wil hê dat HY my moet optel en vashou en voel 'n verlange na HOM. Ek voel vrolik en vry en wil in SY arms staan. Die lug is baie vars en koel maar nie koud nie. Alles voel so skoon en ek voel lus om diep in te asem. HY tel my op en sê dat ek moet kom tik wat HY vir my gewys het.

**Vader dikteer:**

Gaan die berge op as julle na MY soek en julle sal MY vinniger vind. Daar waar die koel winde waai is dit suiwer en skoon en MY Gees sweef vry daar rond. Weliswaar is EK oral, maar daar waar dit so hoog is, swerf daar vrye Geeste rond wat vrede in 'n mens se gemoed bring. Daarom voel jy vry en vrolik en het jy 'n verlange na MY. Die doel daarmee is om jou siel te stig en jou nader aan MY te bring en daarom is dit goed vir julle om so af en toe 'n hoë berg uit te klim. MY kinders, daar waar julle alleen met MY kan wees, is die beste plek om jou siel met MY te verbind en jy sal baie versterk daardeur voel. Gaan sit alleen op 'n rots en oordink alles en jy sal MY in jou binneste vind. Daar sal jou binneste vernuwe word en jy sal vind dat jou innerlike die hele tyd na MY smag en na Iets dieper verlang. Dit is dan ook die doel

met die klim van ‘n hoë berg en jy sal vind dat jy nader aan MY voel, of dat jou soeke na MY sterker word. Daar waar dit stil en rustig is, sal jy MY beter kan vind, omdat die wêreld met sy lawaai agtergebly het. Op ‘n hoë berg sal dit ook vir jou voel of jou siel meer diepte vind en jy sal nie lus hê vir ligsinnighede nie. Dit is dan ook die diepere werk van die goeie geeste wat daar besig is. Daardie geeste het die werk om die berge te onderhou en dit is nie so ‘n maklike werkie as wat julle dink nie. Terwyl die aarde voortdraai om haar as, moet die geeste die magnetisme van die berge reguleer omdat daar baie magnetisme ontstaan as gevolg van die wenteling van die aarde. Om julle is daar baie faktore wat daartoe bydra dat julle hier op die aarde kan bly of nie. As daar niemand is wat die magnetisme kon reguleer nie, sou julle almal op die berge vasgesit het omdat die magnetisme van die aarde daar die ergste is. Daardie berggeeste is ook verantwoordelik vir die regulering van die suurstof op aarde en sorg dat dit eweredig versprei word terwyl die aarde in die ronde draai. Die berge is dan ook baie suurstofryk, al word die suurstof minder soos wat jy opgaan. Dit is omdat die suurstofdeeltjies net verder uitmekaar is dat dit voel of jy nie genoeg kan inasem nie. Gee jouself oor aan die werking van die bergeeste wat ook deur MY daar gesit is om te help met die onderhoud van die aarde en hulle sal goeie influisteringe doen sodat jou hart vol van MY lof raak. Is dit nie ook ‘n goeie metode om MY te vind nie? Gaan in die stilte van die natuur en verkieslik op ‘n berg en jy sal nader aan MY voel en ‘n diepe verlange om nog nader aan MY te kom sal van jou posvat. Daar is baie dinge in die natuur wat vir julle nog heel vreemd is, al lewe julle al etlike jare op die aardbodem, maar net omdat julle nie daarvan bewus is nie, maak dit nie verkeerd nie. EK sal julle lei en julle sal baie meer oor julle moederaarde te wete kom as wat nou die geval is. MY kinders, die wêreldse wetenskaplike dink dat hy alles weet en dat daar niks is wat jy hom kan vertel nie, maar hulle kennis is tot die basiese beperk en net EK kan vir julle die deure oopsluit. Kom skaar julle by MY en EK sal julle in die wyshede inlei waar niemand nog ooit was nie, selfs nie eers die beste mikroskoop kan aan julle al die dinge bekendmaak wat EK julle sal wys nie. Amen.

***9 Jan. 2008 6:00***

Ek en Jahshua sit op die berg en HY vra my wat ek om my sien. Skielik sit ons nie meer op die berg nie, maar op die bodem van die see. HY vra my hoe ek die see om my ervaar. Dit is redelik kalm daaronder en Ons gaan ‘n bietjie op. Daar is ‘n seestroom en jy kan nie eintlik op een plek bly nie. Daar is ‘n seestroom wat alles saamsleep, maar dit is nie so erg nie. Hoe hoër ons gaan, hoe meer onstuimiger raak die water. Later is ons heel bo en soos ‘n drenkeling sukkel ek om kop bo water te hou. Nog later is ek in ‘n skippie wat bo-op die onstuimige water dryf en die skippie word heen en weer op die deinings van die see gegooi. Jahshua wys my die strand wat naby is en ek sien dat daar baie vasmeerplekkies is wat net groot genoeg is vir ‘n skippie om daar te kom vasmeer. HY wys my een plekkie en sê dat dit my vasmeerplek is. Langs my is daar nog baie en die een reg langs my is my man s’n. Elke mens wat sy weg na Jahshua maak, het daar ‘n spesiale vasmeerplek en ek kan myne tussen baie ander uitken, al lyk hulle almal dieselfde. Jahshua sê vir my dat hoe dieper jy in die aardse rykdom versink is, hoe minder voel jy die storms van die lewe, maar jy kom nooit op die strand nie. HY wag vir ons op die strand, al is HY die hele tyd ook hier by ons.

**Vader dikteer:**

Julle almal wat julle weg na MY probeer vind, is soos skippies op die see wat ‘n vasmeerplekkie soek op die strand. Die see van die lewe is baie woes vir julle wat nie deel wil wees van die wêreldsee van aardse dinge nie. Julle dryf bo-op dit en word wild heen en weer geslaan deur die woeste golwe van armoede of enige ander slag wat die aardse wêreld julle toedien, maar julle almal sal veilig by die strand van MY liefde uitkom en vasmeer op die spesiale plekkie vir jou uitgehou deur MY, jou Vader, waar EK jou inwag om jou styf teen MY boesem vas te druk. Moenie dat die wilde water jou onderkry nie. As jy alreeds in ‘n skippie op die water dryf, sal jy by MY uitkom, maak nie saak of die branders woes hier om jou slaan nie. EK sal jou veilig laat vasmeer hier aan MY hemelse kus. Maar al wat jy moet doen om hier uit te kom, is om MY die hele tyd aan te roep en lief te kry en EK sal

jou nooit aan jou lot oorlaat nie. Maak jou weg na MY en jy sal veilig deur al die storms van die see vaar tot in MY Vaderarms. Amen.

# DEEL 3

## *Die miskruiertjie*

***9 Jan. 2008 10:21***

Jahshua wys my iets op die grond en ek sien dit is ‘n miskruiertjie wat ‘n bolletjie mis stoot. Die miskruiertjie stoot die bolletjie tot onder ‘n klip in ‘n gat in en lê eiers in die bolletjie. Daarna kom die miskruiertjie weer uit en loop weg.

**Jahshua dikteer:**

Die miskruiertjie is ‘n wonderlike diertjie deur MY geskep om die aarde te reinig van alle mis deur die diere gestort. Deurdat die miskruier al die mis bymekaarmaak bly dit nooit net op een plek lê nie en dit word oor die aarde verstrooi waar dit dan deur die grond omgesit word in iets bruikbaar. Die miskruier lê haar eiers in die misbolletjie en daar broei die larwes uit en begin die mis te verteer wat binne ‘n paar dae tot bruikbare grond omgesit word. Sou die mis die hele wêreld vol bly lê het, sou daar binnekort baie siektes uitgebroei het en die mens sou nie daarvan vry gebly het nie. Die van julle wat wel al die bedrywighede van die miskruiertjie dopgehou het, sou al gesien het hoedat sy baie hard aan daardie bolletjie stoot en aanhou totdat sy haar doel bereik het. MY kinders, hierin is vir julle ‘n baie groot les te leer. Die miskruier doen ‘n baie nederige, maar belangrike werk vir MY, haar Skepper, deurdat sy die wêreld van kieme vry hou voordat dit die kans kan kry om uit te broei. Dit klink miskien nie vir julle na ‘n goeie les nie, maar as julle mooi daaroor gaan nadink, sal julle besef dat die werk wat vir julle na die vuilste en aakligste lyk, tog die belangrikste is. Baie keer word daar neergekyk op mense wat ook skoonmaakdienste verrig, maar dit is baie belangrike werk. Die huisvrou wat in die wêreld se oë maar net dom en agterlik is, verrig amper die heel belangrikste werk, omdat sy haar

kinders in MY Naam kan opvoed as sy ‘n wil daartoe het. Kyk nie op hulle neer nie, want baie huise het al opgebreek weens die gebrek aan ‘n huisvrou wat ook voltyds ‘n ma vir haar kinders is. Weet julle dat die opvoeding van kinders hulle hele lewe daarna bepaal? Met ander woorde, wat die ma hulle leer, maak dan van hulle ordentlike mense of slegte mense en dit is mos baie belangrik vir die samelewing, né? Daarom moet julle nie op díe neerkyk wat eenvoudige werk in julle oë verrig nie, omdat die mees eenvoudigste werk dikwels die belangrikste is. Hierdie is nog ‘n belangrike les wat EK julle uit die natuur wil leer en as julle om julle kyk na MY Skepping, sal julle alles leer wat julle nodig het om die lewe suksesvol te voltooi. Amen

# DEEL 4

## *Die walvis*

***10 Jan. 2008 13:47***

Ek sit saam met Jahshua op die grasbankie en HY sê dat ek reg voor my moet kyk en sê wat ek sien. Ek sien die see hier reg voor Ons, maar dit is nie die strand en vlak water nie, dit is die diepsee en dit is asof ek saam met Jahshua in die middel van die see op ‘n bankie sit en gesels, maar Ons is op droë grond. Ek sien ‘n walvis en baie klein planktonagtige diertjies wat deur die walvis geëet word. Jahshua vertel my ‘n paar dinge omtrent die walvis wat ek nie mooi verstaan nie en HY sê dat ek moet kom tik.

**Jahshua dikteer:**

Die grootste soogdier op aarde is die walvis en dit is so deur MY gemaak, sodat die mens kan sien dat niks by MY onmoontlik is nie. EK kan tot soogdiere in die water laat leef, sonder dat hulle vrek. MY kinders, die walvis kan vir etlike ure onder die water bly, sonder om vars asem te skep. Hy skep asem en duik dan baie diep onder die see in om daar in die diepe duister gedeeltes van die see ander prooi te vang wat nog deur geen menslike oog gesien is nie. Daar is plekke in die see waar niemand nog ooit was nie, omdat dit vêr te diep is. Geen duikboot sal daardie

drukking kan verdra nie en sal dadelik inmekaar gedruk word. In daardie duister dieptes duik die walvis weg en die drukking maak hom niks. Wel vind daar veranderinge in sy liggaam plaas soos wat hy dieper duik, maar dit is dinge waarvoor hy aangepas is. Deurdat hy so diep duik vat hy sekere minerale, wat aan sy liggaam vasklou, ook saam na die ondersee en voed ook daar weer sekere ander organismes wat op sy vel vassuig en weer los sodra hy weer na bo gaan. Dit is ook die rede dat EK toelaat dat die seediertjies vasgroei aan sy liggaam en hulle word weer gevoed deur ander kossoorte wat net diep onder die see voorkom. Die diertjies wat op die liggaam van die walvis groei, word dan ook vinniger sielsryp as hulle broertjies wat teen die rotse op die strand groei. Dan gaan hulle verder in die liggaam van ‘n ander seediertjie in. Die walvis is ‘n dier met ‘n baie hoë intelligensie en sal ook baie vinnig in die sieleryk vorder, omdat daar sekere dinge is wat hy alreeds weet. Vir die walvis wat vrek, bly daar dan net een liggaam oor waarin hy homself moet kluister saam met die siel van ‘n ander dier en dit is die liggaam van ‘n dolfyn. Na die dolfynfase verby is, sal die dolfyn saam met die ander geeste wat nodig is, in die liggaam van ‘n mens ingaan om so sy weg na MY te vind. Dit is die lewensbestaan van die walvis en in sy lewe volvoer hy ook wat EK hom aangesê het. Deur die lewe in die see verkry hy sielsrypheid en kan dan verder gaan. Die lewe in die see is baie swaarder as die lewe bo die water, omdat die water ‘n baie digter medium is as die atmosfeer waarin die mens en ander diere leef. Dit dra dan ook daartoe by dat die walvis ook gouer sy sielsrypheid verkry en dan verder kan gaan. Daar was dan ook geen walvis wat eers op droë grond geleef het en toe die water ingegaan het, of ‘n mens wat die water ingevaar het en later vinne gegroei het soos wat die evolusioniste reken nie. MY kinders, EK het alles so geskape soos wat dit is en al het daar wel veranderinge in die diere gekom, is dit minimale veranderinge en nie groot veranderinge soos wat die geleerdes vandag reken nie. Geen dier het uit ‘n mens voortgekom nie en geen mens uit ‘n dier nie. Dit is ‘n ontheiliging van MY skepping en EK sal die wetenskaplikes saam met hulle teorieë vernietig. As jy wonder oor MY skepping, kom vra MY en EK sal jou ‘n antwoord gee. Die wêreld hou nie van MY antwoorde aan julle nie

en sal dit altyd verkeerd probeer bewys, maar aan die verkeerde bewys EK MYSELF verkeerd en aan die een wat in MY glo, bewys EK MY getrouheid. Amen.

# Deel 5

## *DIE MAMMOET*

***12 Jan. 2008 06:36***

EK sien ‘n groot dier aangestap kom en ken hom uit as ‘n mammoet. Ek het al prente van die dier gesien, maar het nie geweet dat hy só enorm was nie. Hy stap tot by Ons en hy tel Ons met sy slurp tot op sy rug. Sover as wat hy loop, maak hy stof agter hom. Ek sien in die pad voor hom dat die grond klipperig is, maar as hy verby gegaan het, is die grond fyn poeier. Sy hare is baie grof en sy vel is dik. Sy mis val in die fyn grond agter ons en daar kom bossies en plante op. Jahshua staan weer op die grond met my in SY arms en die mammoet loop voor Ons verby. Die dier is enorm en kan bo-oor jou loop terwyl jy tussen sy bene staan sonder om aan jou te raak. Sy bene is baie vêr uitmekaar.

**Jahshua dikteer:**

Die mammoet is ook deur MY geskep om die aardbodem meer bewoonbaar te maak vir die mens. In daardie jare was die grond baie, baie hard en op baie gebiede kon daar niks groei nie, weens die hardheid van die grond. Deurdat die mammoet net oor die grond beweeg het, het hy die klippe heeltemal fyn getrap, sodat daar plante kon groei en hulle wortels kon anker in die grond. EK het die mammoet so geskape dat hy ‘n baie hoë intelligensie gehad het en kon ook deur iemand makgemaak word, sou daar iemand gewees het wat dit kon doen. Dit was noodsaaklik dat daardie diere op die aarde moes wees, omdat hulle die aarde bewerk en beplant het op die manier wat hulle rondgegaan het. Hulle het beweeg van plek tot plek waar hulle oor rowwe terrein gegaan het en dan die rowwe terrein omskep het in vrugbare grond. Dit was dan die rede vir hulle bestaan.

Maar nadat daardie werkie ook gedoen is, het EK hulle almal laat uitsterf, sodat hulle plek kon maak vir kleiner spesies wat die aarde kon bewoon. MY kinders, die olifant wat julle vandag ken, is die nageslag van die ou mammoet en is ook ‘n baie intelligente dier. Terwyl die mammoet die aardbodem moes bewerk, is dit die plig van die olifant om dit in stand te hou en ook die plantegroei te beheer. Maar ‘n olifant kan baie skade aanrig, omdat hulle op klein gebiede ingehou word en nie meer die vrye toegang het tot enige plek in die natuur nie. ‘n Olifant kan ook getem word om vir die mens belangrike werk te verrig, maar die olifant het ‘n meer wispelturige geaardheid as wat die mammoet gehad het. Met sy groot tande het hy die aardbodem omgekrap, sodat die grond beter deurlug was en dan kon daar ook begin plante groei omdat die wortels van die plante beter groei in grond wat losgemaak is, as in harde grond. Die dier het nie oor die hele aardoppervlak voorgekom nie, omdat daar baie ander gebiede was waar die grond al goed voorberei was vir plante. Maar in My groot skeppingsplan het hulle ook ‘n plekkie gehad en moes ook deel van die aardbodem en haar diereryk uitmaak. Die mammoet was ‘n spesie op sy eie en het nie verwante gehad wat soos hy gelyk het nie. Nadat die mammoete uitgesterf het, het die olifant sy plek ingeneem en doen ook ‘n belangrike werk op die aarde. My kinders, julle sal dink dat elke dier maar net daar is vir die beliggaming van die sieledeeltjies, maar in MY ryk het elke dier ook baie belangrike werk wat hy vir die aarde en die mens moet doen. So doen die olifant die werk op die aarde wat die swaarste genoem kan word. In die natuur is daar sekere plante wat nie deur enige ander dier gevreet word, behalwe deur die olifant nie en daardie plante is dan ook afhanklik vir die olifant wat hulle deur sy mis vrugbaar maak sodat die saad kan ontkiem. Die saad wat dan so deur die olifant se spysverteringstelsel gegaan het, sal dan ook vinnig ontkiem en ook ‘n groot plant word. As dit nie vir die olifant was nie, sou die plant nie verder kon voortplant nie, aangesien die verteringsappe die katalisator is vir die ontkieming van die saad. So het EK vir elke dier ‘n spesifieke doel gegee en as hy daarmee klaar is, sal hy dan ook uitsterf. Die mammoet het sy doel op aarde bereik en kon uitsterf, sodat daar ander in sy plek kon kom. Ook sou die mammoet nie die temperature van die

aardbodem, wat as gevolg van globale verwarming plaasvind, kon hanteer nie. Dit is alles in MY skeppingsplan saamgevat en alle diere kom uit MY Hand en keer weer daarheen terug.

Amen

# DEEL 6

## *DIE DWERGIE*

***01 Feb.2008 12:00***

Ek sit by Jahshua en Hy staan met my in ‘n bos waar daar baie groot bome is. Dit is stil en Jahshua sê dat ek moet kyk na wie regs van my staan. Ek sien dit is ‘n kort mannetjie met blou klere aan. Hy sien Ons ook en Jahshua roep hom. Hy kom skugter nader en Jahshua praat met hom. Hy wil nie eintlik na my kyk nie en het ‘n kwaai gesig. Hy luister met eerbied na wat Jahshua vir hom sê. Jahshua vra vir hom waarom hy die goudrif onder in ‘n myn laat verdwyn het en hy antwoord dat hy in opdrag van Jahshua gehandel het. Jahshua vra vir hom waarom hy die kos van die mense onder in die myn gevat het en hy antwoord baie vinnig en kort-af. “Wat moet ons dan eet as ons niemand se kos kan vat nie? En dan sagter, asof hy besef met wie hy praat las hy, ‘U Majesteit,” by. Jahshua sê vir hom dat hy na my moet kyk en hy wil nie, want hy sê dat ek hom walg. Na die gesprek met die dwergie, maak hy bollemakiesies in die lug en skree van blydskap en ek vra vir Jahshua waarom hy dit gedoen het. Jahshua sê dat die dwergie gedink het hy sal in ‘n liggaam in moet gaan en toe Jahshua niks daarvan sê nie, was hy baie bly. Maar Vader roep hom weer en hierdie keer sê Vader dat ek met hom moet praat. Hy kyk na my, maar ook net omdat Jahshua vir hom sê om dit te doen. Ek sê vir hom dat Jahshua ook in die vlees gekom het en dat ek nie meer lank in die vlees sal bly nie en dan is ek ook vir ewig vry. Hy wil nie eintlik luister nie, maar doen dit net om Jahshua se ontwil. Ek moes toe die dwergie oorhaal om sy vryheid prys te gee en die vlees aan te neem sodat hy ook deur Jahshua vrygemaak kan word. Hy kniel op die grond voor Jahshua en huil. Jahshua praat mooi met hom en

oorreed hom om die weg van die vlees te gaan en dan stem hy in. Hy word gebore uit ‘n mens en Jahshua wys my dat hy die kind van iemand is wat naby ‘n groot bos en in die natuur woon. Jahshua sê dat hy hom ook genadig is en daarom het hy ouers gekry wat in die veld bly.

**Jahshua dikteer:**

Ja, daar is baie van julle wat dink dat My skryfkneg stapelgek geword het met hierdie wat sy aan julle bring, maar EK sê vir julle dat daar baie dinge in die lewe is waarvan julle niks weet nie. Waar dink julle kom dwerge vandaan? Dink julle dit is iets wat deur ‘n baie begaafde verstand uitgedink is? Nee, MY kinders, die dwerg is ‘n gees van die bos en berge en hulle wandel daar in die stilte van die natuur en doen kosbare werk vir MY daar. Diep onder die grond is hulle die beste tuis en ook daar waar dit stil is in die bos en areas waar daar nie baie mense is nie. Hulle moet ook die weg van die vlees gaan, maar hou niks van die vlees nie, omdat hulle hulle vryheid geniet. Maar om heeltemal vry te wees, sal elke mens en elke gees eendag die weg van die vlees moet gaan om sodoende die ewige lewe te kan bereik. My kinders, julle moet weet dat daar baie dinge is wat nie deur julle deurgrond kan word nie, omdat EK Almagtig is en van alles weet. Wie sê dat EK nie dwerge mag skep nie? Is daar ‘n riglyn wat EK moet volg in MY skepping? Wie sê vir My wat EK mag en nie mag nie? EK is die Skepper van die heelal en niemand mag MY beveel om dinge so te doen soos wat hy wil nie. As EK besluit om iets te doen of te skep, sal niemand vir MY sê wat EK moet doen en hoe om te handel nie. Daarom wil EK julle aanbeveel om liewer MY woorde te glo, omdat EK vry is in MY doen en late. Omdat julle die dwerge nie kan sien nie, is dit nie ‘n bewys dat hulle nie bestaan nie. Julle sien die werk van die wind en daarin weet julle dat die wind bestaan. Die werk van die dwerge is om My skepping te onderhou deur te doen wat EK hulle oplê. Julle sien dat MY skepping versorg word en daarom moet julle glo dat EK sekere geeste het wat MY dien. MY kinders, van julle wat hier lees, het ook eens dieselfde pad as die dwergie hierbo beskryf, gestap. Julle sal alles kan sien en deurvors as julle MY bo alles liefhet en

dinge wat vir julle voorheen soos fabels gelyk het, sal dan waar en eg hier reg voor julle oë afspeel. EK is Almagtig en kan daarom nie beperk word in MY skeppings nie en daarom kan niemand met reg sê dat dit 'n onwaarheid is nie. EK skep en EK regeer en dit is gewis.

Amen.

# DEEL 7

## *DIE ERDWURM*

***7 Feb.2008 07:22***

Ek het weer saam met Jahshua op die bankie gesit en HY het my 'n erdwurm gewys. Ek het gesien hoe die erdwurm deur die grond kronkel en dooie blare vreet. Twee erdwurms kom bymekaar en later lê hulle elkeen 'n eiertjie. Daar broei 'n piepklein erdwurmpie uit elke eier.

**Jahshua dikteer**:

MY kinders, die erdwurm is die skoonmaker van die aardbodem en is tevrede om in die diepe duisternis te leef, terwyl hy die aarde bemes en die grond lig maak. EK het dit nodig geag om die erdwurm te maak, sodat die grond, wat ook lug nodig het, kan asemhaal. Die grond val baie vas en kan dus nie produksie lewer soos wat dit moet nie. EK het MY maniere geskep om die aardbodem so vrugbaar as moontlik te hou en julle het al self gesien hoedat die grond wat deur die erdwurms bewerk word, in die beste tuingrond kan verander. Gooi maar 'n paar dooie blare bo-op die grond neer waar daar baie erdwurms in is en kyk hoe gou die blare verdwyn. EK, as Skepper, het in MY alwysheid alles gemaak dat dit reg funksioneer en dat alles saamwerk. Daarom dat die erdwurm saam met die grond werk en dan ook terselfdertyd vir die grond ook werk. EK wil hê dat julle almal ook saam met mekaar werk en ook vir mekaar werk om sodoende die grond van julle harte vrugbaar te maak, sodat MY goeie vrugte daarbinne kan groei. MY kinders, julle moet nederig wees soos die erdwurm en laag wees, sodat julle die kosbaarste werkies kan

verrig uit liefde. Daar is baie sulke voorbeelde in die natuur en Ek sal aan julle nog baie sulke dinge wys, maar onthou die erdwurms en gaan kweek sommer ‘n paar in die tuin sodat julle julle kinders van MY skepping kan leer en hulle ook die nederige erdwurm kan waardeer. EK het nie behae in kennis nie, maar wysheid, afkomstig van MY, sal almal beter mense maak. Leer julle kinders MY wysheid in plaas van die nuttelose skoolwerk wat hulle nou leer, en julle sal van hulle edele grootmense maak met beter waardes as die norm van vandag. Gaan doen MY werk in die tuin soos die nederige erdwurm en wees tevrede om die laagste werkie te verrig en jy sal verhoog word tot die tuinier en dan sal jy pragtige vrugte oes in MY Naam.

Amen.